

CG

SAAKNOMMER: 151/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

WILLEM TSHIVANGWAHO MUNGATI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: BOTHA, EKSTEEN et VAN DEN HEEVER ARRAANGEHOOR: 8 NOVEMBER 1991GELEWER: 19 NOVEMBER 1991

U I T S P R A A KVAN DEN HEEVER AR

Gedurende die vroeë aand van Vrydag, 7 Julie 1989, het vier lede van die Suid-Afrikaanse Polisie ondersoek ingestel na voertuie wat hulle vermoed het gesteel was, wat gestaan het op die perseel van Moses Mabaso in Meadowlands, Soweto. Daar is besluit om beslag te lê op twee kombi's en hulle en Mabaso na die Meadowlands Polisiestasie te neem. Dié taak is opgedra aan konstabels Van der Schyff en Swanepoel. Die vangwa is vort met die oorblywende polisiemanne. Van der Schyff kon die rooi kombi wat hy sou bestuur met Mabaso ook daarin, nie aan die gang kry nie. Swanepoel het dit met die tweede, 'n gryse, gestoot om dit te laat vat en toe dit nie gebeur nie, aanhou stoot om dit by sy bestemming te kry. Appellant en twee ander persone het die kombi's in 'n derde voertuig, 'n wit bakkie, agternagesit. 'n End verder waar die twee kombi's vir 'n tweede keer tot stilstand gebring is, het iemand uit die bakkie geklim, na die agterste kombi gestap en konstabel Swanepoel in

die agterkop geskiet. Hy is kort daarna in Baragwanath Hospitaal oorlede.

In die vervolging wat gespruit het uit dié gebeure het die Staat beweer dat dit appellant was wat oorledene geskiet het met 'n vuurwapen wat Mabaso aan hom oorhandig het nadat hy, Mabaso, nie daarin kon slaag om die polisie om te koop om nie die kombi's te verwyder nie. Appellant en Mabaso (as beskuldigde no 2) is naamlik in die Witwatersrand Plaaslike Afdeling aangekla van moord, roof met verswarende omstandighede en onwettige besit van 'n vuurwapen en van ammunisie ter oortreding van artikels 2 en 36 onderskeidelik van Wet 75 van 1969.

Die grootste deel van die verhoor is bestee aan die toelaatbaarheid van 'n bekentenis wat appellant voor luitenant-kolonel Kilian verly het en van die daaropvolgende uitwysings en mededelings wat hy gedoen het aan luitenant Steyn. Appellant het die vrywilligheid

van die bekentenis betwis. Die verhoorhof het die geskil ten gunste van die Staat uitgewys.

Ek kom later by die besonderhede van die bekentenis wat as bewysstuk E voor die hof geplaas is. Nadat dit gedoen is, het appellant ter verdediging getuig dat hy gedwing is om die bakkie te bestuur en dat die ander twee persone in daardie voertuig, Bruce en Thladiane, die sondebokke is wat verantwoordelik is vir die optrede teen die oorledene. Mabaso het onder eed ontken dat hy daardie optrede aangestig het of daaraan aandadig was.

Appellant is skuldig bevind aan moord, Mabaso onskuldig. Beide is onskuldig bevind aan roof: dit is nie buite twyfel bewys dat Swanepoel geskiet is met die opset om die kombi's uit die besit van die polisie te neem nie. Beide is skuldig bevind op die aanklagte onder die Wapenwet.

Na skuldigbevinding het appellant weer getuig.

Hy het persoonlike besonderhede aan die hof voorgelê, maar gebly by sy weergawe dat hy gedwing is om die bakkie te bestuur vir Bruce en Thladiane om die polisie te agtervolg. Na bewys van vorige veroordelings is hy weens die moord op konstabel Swanepoel ter dood veroordeel, vandaar die huidige appèl.

Luitenant-kolonel Kilian, voor wie bewysstuk E op Springs verly is, het niks te doen gehad met die ondersoek van die saak nie en ook geen kennis gedra van die feite daarvan nie. Hy was tevrede nadat hy volledig met appellant daarop ingegaan het, dat hy uit vrye beweging wil praat. Advokaat Smith wat op appèl namens appellant opgetree het, het korrek toegegee dat luitenant-kolonel Kilian se getuienis nie vatbaar is vir kritiek nie. Verskeie ander getuies is geroep om te bewys dat daar op geen stadium, vandat hy op 14 September 1989 in die hande van die polisie gekom het, invloed of dwang op appellant uitgeoefen is om hom te oorrede om te

bieg nie.

Appellant het getuig hoe dat hy gemartel is, versmoor is, bewussyn verloor het, natgegooi is om hom weer by te bring, totdat hy onderneem het om sekere feite toe te gee en op skrif te laat stel. Die verhoorhof het met goeie rede hierdie getuienis as vals verwerp. Al die lede van die polisie ondersoekspan is in detail gekruisvra sonder dat afbreuk gedoen is aan hulle getuienis. Appellant, toe dit by sy beurt kom, vertel dat dit n heel nuwe groep was, nie dié wat betrokke was by die ondersoek en getuienis afgelê het nie, wat hom in opdrag van kaptein Calitz so hardhandig bearbei het. Sy broer Nephalama, wat hom moes staaf, is blykbaar nie van hierdie front-verandering ingelig nie en plaas konstabel Bouwer, een van die ondersoekspan, in die kantoor waar die marteling sou plaasgevind het en die polisie vir praktiese doeleindes die wêreld genooi het om getuie te wees van hulle onwettige optrede. Nephalama het kamma

deur die venster van dié kantoor geloer toe hy sy broer se krete hoor en het - nogal in herverhoor - uitgebrei op die baie ander persone in die omgewing:

"... en ek het ... navrae gedoen hoekom is daar so baie mense, is hulle betrokke in die hele saak, toe sê hulle nee, sekere van hulle het werk kom seek; aansoeke kom doen vir werk en die ander het klagtes daar kom lê."

Appellant se vrou, Millicent, wat by was toe ammunisie in appellant se besit gevind is, het geen woord gerep oor die klappe wat hy daar na bewering moes verduur nie. En waar appellant beweert dat die inhoud van sy bekentenis onwaar is, het hy self so klei getrap dat die hof a quo se bevinding dat hy 'n deurtrapte leuenaar is, nie net onaanvegbaar is nie, maar onvermydelik was.

Die aanvanklike poging om appellant se verhaal op appèl te onderskraag met die betoog dat daar moes iets gebeur het om hom te laat besluit om te bieg, is onlogies. Dit nooi die hof om 'n aanname te maak teen die inslag in van appellant se leuens en die staatsgetuies se

aanvaarde ontkenning daarvan: dat daardie "iets" polisiegeweld was. Dit is gou laat vaar.

Die verhoorhof het korrek besluit om die bekentenis as getuienis toe te laat. Dit het die skuldigbevinding aan moord onafwendbaar gemaak. Appellant se verhaal in die hof dat hy gedreig is om as onwillige getuie ander persone wat op misdaad gerig is te vergesel, is ook nie ontleding waardig nie.

Om te kom dan by vonnis en, in die uitoefening van 'n onafhanklike diskresie, oorweging daarvan of die doodvonnis aan appellant opgelê die enigste gepaste straf vir sy wandaad is. Daarvoor moet die geraamte van die gebeure vervat in die eerste paragraaf hierbo, lyf gegee word.

Die persone met wie die polisie die aand te doene gekry het, was die volgende. Duidelikheidshalwe word genoem dat Mabaso in die wandel ook bekend is as Mos en Thladiane se naam deur sy maats verkort word na

Thladi.

Die twee staatsgetuies wat vertel het van die aanloop tot die skietery is Twala en Ndou. Hoewel Ndou saam met appellant grootgeword het, is daar geen aanduiding dat hy enige, noem dit maar sakeverbintenis, met appellant of Mbaso gehad het nie behalwe as kliënt. Ndou het vertel dat hy 'n Capri van appellant gekoop het vir R800,00. Die grondslag van die sakeverhouding tussen Twala, appellant en Mbaso is nie in die getuienis uitgepluis nie, maar al die aanduidings is dat hulle aktiwiteite ten aansien van voertuie beide onderlinge raakvlakke gehad het en onwettig was. Twala sê dat hy en Mbaso mekaar gehelp het om voertuie te herstel en dat hy 'n paar weke vroeër 'n Cortina van appellant gekoop het. Daardie voertuig was nog in appellant se naam geregistreer toe die polisie daarop beslag lê toe Twala self gearresteer en vir drie dae aangehou is. Kaptein Calitz het ponses ("stencils") in die voertuig gevind.

Mabaso het by onder meer appellant en Twala aangeklop toe hy voor die skietery geld soek om die polisie te probeer omkoop en het op Twala staatgemaak daarna om h onwettige vuurwapen te versteek.

Appellant het ook aan voertuie gewerk. Hy het die betrokke dag h Dodge Colt gespuitsverf en moes vir Mabaso h Cortina se kondensator en punte aanbring. Die grys Volkswagen kombi wat op Mabaso se perseel gestaan het, het hy volgens bewysstuk E vir Thladiane geverf. Toe hy gearresteer is, was hy in besit van h Ford bakkie en het hy konstabel Bouwer vertel dat Mabaso dié voertuig "gekap" het, d.w.s. met behulp van ponse die nommers wat op metaal aangebring is, verander het. Mabaso is kort daarna gearresteer en het die polisie geneem na h huis waar ponse gevind is, wat Bouwer toe met appellant se Ford bakkie vergelyk het.

Die polisie het registrasiedokumente gevind waarvolgens voertuie geregistreer was in die naam van

Mabaso se vrou, Elizabeth. Hy self het aanspraak daarop gemaak dat die rooi kombi sy eiendom was. Dit is ná die voorval gevind by sy ouers se huis. Die deel van die bakwerk waarop die onderstelnommers gewoonlik verskyn, was weggesny, maar die registrasienommer GHH 869 T op die vensters uitgegrafeer is dié van h voertuig wat in Hillbrow as gesteel aangemeld is.

Thladiane se grys kombi waarin oorledene geskiet is en wat appellant vroeër gespuitverf het, is ná die voorval verwyder en brandgesteek. Mabaso het dit aan kaptein Calitz uitgewys. Die onderstel nommerplaatjie was verwyder en die enjinnommer beskadig sodat die oorsprong daarvan nie vasgestel kon word nie.

Thladiane kon nooit deur die polisie opgespoor word nie. Hy en Bruce was volgens Twala dikwels by Mabaso aan huis. Ndou getuig dat hulle die betrokke aand weer daar was. (Die wit bakkie waarin hulle en appellant die twee kombi's gevolg het toe oorledene en Van der

Schyff dié verwyder, was volgens Ndou by Mabaso se perseel al voor die vangwa opgedaag het.) Daar is geen positiewe aanduidings nie dat hierdie twee in die gewone loop betrokke was by dieselfde soort aktiwiteite as Mabaso, appellant en Twala nie, behalwe dié reeds genoem wat betref Thladiane en die grys kombi. Ons weet egter dat Bruce ook gearresteer is. Hy en appellant het saam uit 'n sel ontsnap. Beide is gewond toe hulle herarresteer is. Bruce is uit die hospitaal ontset (en is steeds soek), appellant was nie so bevoorreg nie.

Twala en Ndou se weergawe van wat die aand gebeur het stem in wese ooreen dat, nadat die vangwa opgedaag het, voertuie ondersoek is en die vangwa vertrek het, daar 'n poging was om die jong konstabels in die versoeking te lei met omkoopgeld. Volgens Twala is die aanbod deur Mabaso gedoen. Daar is 'n terloopse suggestie in bewysstuk E dat die polisie geswick het voor die versoeking:

"Thladi sê toe aan ons dat die twee polisiemanne reeds ons geld geneem het en dat hulle ons nie kan wen nie want hulle wil nou loop met die geld en die twee voertuie."

Daar steek egter niks in nie. Al het Thladiane so iets gesê, het Mabaso, wat erken dat hy probeer het om geld met behulp van sy trawante bymekaar te maak om aan Van der Schyff te gee, vertel dat hy die bydraes teruggegee het toe Van der Schyff kom berig dat oorledene die aangebode bedrag afgewys het as te karig. Appellant erken dat hy sy bydrae terug ontvang het van Mabaso en dat verontwaardiging oor die polisie se optrede geen rol by hom gespeel het die aand nie.

Die moontlikheid bestaan egter wel dat die polisie se optrede op ander wyse 'n bydraende faktor was tot wat gevolg het. Mabaso was onrealisties indien hy gedink het dat so 'n aanbod ooit kon slaag. Kollegas van die twee konstabels wat agtergelaat is, was bewus van die vraagtekens wat om Mabaso se besit van die twee kombi's

gehang het en Van der Schyff en oorledene is verwag om daarmee by die polisiestasie aan te kom tesame met Mabaso self. Na die vertrek van die vangwa het hulle ook geen ander vervoer as dié waarop beslag gelê is, gehad om by daardie kollegas weer aan te sluit nie. Mabaso-hulle moes besef het dat hy n slagyster wat hy vir die polisie probeer stel het, self afgetrap het, en dat sodra hulle by die stasie opdaag, die wiele aan die rol gesit sou word om d.m.v. n aanklag van omkoperij veral Mabaso se probleme te vererger, wat weens sy rekord, soos dit na skuldigbevinding aan die lig gekom het, vir hom geen vreugde kon inhou nie.

Volgens appellant se bekentenis is daar kajuitraad gehou toe die omkoop poging deur die mat val:

"Ons plan was om die twee polisiemanne te skiet. Dit het ons reeds by Mos se plek bespreek aangesien daar slegs twee polisiemanne was."

In die loop van die uitwysing wat hy die volgende dag aan

ander polisie, onbetrokke by die ondersoek, gedoen het, het hy gesê:

"Is d   r wat ons begin beplan dat ons moet nou die twee polisiemanne baklei. Hulle kan ons nie 'beat' nie, ons is nou ses". (Bewysstuk F)

As gevolg van daardie besluit is appellant bewapen. Hy s   in bewysstuk E dat Mabaso se vrou   wapen in die huis gaan haal en aan Thladi gegee het, wat Thladi aan hom oorhandig het pas voor oorledene geskiet is. Beide Ndou (wat in vrees leef en gevra het of die hof nie kan toesien nie dat hy   vuurwapen ter selfverdediging mag kry) en Twala (wat soos blyk uit wat vroe r ges  is, in Mabaso en appellant se dampkring beweeg) het getuig dat appellant reeds gewapen was toe hy saam met Bruce en Thladiane in die wit bakkie die kombi-stoet agtervolg het.

Wat daarna gebeur het, het appellant so beskryf in bewysstuk E:

"Ons het hulle gevolg tot by Maponya se

drankwinkel waar hulle gestop het. Die ander kombi het nog nie gestart nie en hulle het die enjinkap oopgemaak. Hulle het ons nie gesien nie en ek, Bruce en Thladi het te voet nadergegaan. Ons het toe gesien die kombi wou nog nie start nie ... Die ... polisieman het toe weer die kombi met die ander kombi verder gestoot vir ongeveer 400 meter tot by 'n T-aansluiting waar baie motors en mense was."

Daar is die bakkie in opdrag van Thladiane parallel met 'n Putco bus tot stilstand gebring - die afleiding is, sodat die insittendes van die kombi's nie die bakkie sou gewaar nie. Die bekentenis gaan voort:

"Ek het toe na die kombi gegaan waarin die polisieman was wat gesê het hy gaan nie die geld vat nie en drie skote op hom gevuur. Bruce kon nie geskiet het op die ander polisieman nie want Mos het langs hom gesit. ... Ons het toe die twee kombi's net daar gelos en na Mos se huis gegaan waar ons vergadering gaan hou het"

in die loop waarvan Mabaso se voorstel dat die kombi's verwyder moet word, aanvaar is. Mabaso het sy vuurwapen teruggeëis van appellant en dit later aan Twala gegee om te gaan wegsteek:

"(O)ns het die kombi's gaan haal en Mos het een na sy pa se huis geneem en Thladi het een na Pomolong geneem. Ek het Thladi in my BMW gevolg. ... Daar by Pomolong het Thladi die nommerplate en disc van die voertuig afgehaal en my vier buitebande gegee omdat ek gehelp het. Thladi het toe die kombi, dit is die een waarin ek die polisieman geskiet het, aan die brand gestee." "

Bevestiging daarvoor dat daar wel twee vuurwapens op die toneel was, vind ons in Ndou se getuienis. Daar is geen suggestie dat hy, nie een van Mabaso se binnekring nie, geweet het wat die inhoud van appellant se bekentenis is nie. Hy het nie die skietery gesien nie, slegs skote gehoor h rukkie nadat hy gesien het dat appellant h pistool in die hand het en in die wit bakkie klim om agter die kombi's aan te ry. Ndou getuig dat Mabaso na die voorval in besit was van h vŭurwapen wat volgens Ndou se beskrywing en demonstrasie, h rewolwer moes gewees het, nie die pistool bewysstuk 1 nie, wat via Twala by appellant uitgekom het en hy uiteindelik aan die polisie oorhandig het.

Die gebeurde daarna en die kronologiese stappe in die polisieonderzoek is nie tersaaklik wat betref vonnis nie.

Volgens die polisie het dit appellant nadat hy gearresteer is nie lank geneem nie om sy volle samewerking aan hulle te gee. Waar sulke samewerking soms 'n teken van berou kan wees, is dit nie die geval hier nie. Appellant het in die verhoor vanuit die staanspoor leuens vertel en sy vorige samewerking probeer ondergrawe.

Van versagtende omstandighede, wat betref die pleging van die misdaad, is daar geen sprake hier nie. Die polisie het hulle plig gedoen, boonop op bedagsame wyse. Daar is nie 'n enkele woord gerep as sou hulle onbeskof gewees het of enigiets gedoen het waarteen iemand op die toneel met reg aanstoot kon neem nie. Die moord is beplan, boonop as 'n verrassingsaanval deur 'n goed gewapende getalle-oormag teen twee niksvermoedende

jongmanne wie se aandag gerig was op die voertuigprobleme waarmee hulle opgeskeep was. Die teiken was 'n 21-jarige, op die drumpel van volwassenheid, wat maar net sy plig gedoen het en teen wie appellant se enigste beswaar kon gewees het dat hy wet en orde nastreef en misdaad bestry. Dat die moord so openlik gepleeg is te midde van 'n skare mense wat hulle normale Vrydagaandgang gegaan het, minag nie net wet en orde nie maar ook daardie gewone wetsgehoorsame skare. En appellant wou seker maak dat die rugaanval slaag: hy het drie keer die sneller getrek. Daarna het hy vier motorbande as beloning aanvaar in ruil vir oorledene se lewe. Ek kon niks in die oorkonde vind wat laat dink dat wat hy die aand gedoen het vir appellant in die minste kwel nie.

Mnr Smith het as versagtende omstandighede voorgehou dat appellant 33 jaar oud is en sy rekord nie daarop dui dat hy tot dusver 'n geweldenaar was nie; dat hy sy matrikulasie eksamen geslaag het en hom daarna as

paneelklopper en spuitverwer bekwaam het; en dat hy dus **prima facie** bruikbare mense materiaal is of daartoe omvorm kan word.

Die faktore wat hy noem is egter nie versagtende omstandighede in die sin van faktore wat appellant se morele verwytbearheid verminder nie. Hulle geld slegs as verdere materiaal wat ook in ag geneem word om te besluit of die doelstellings van straftoemeting nie bereik kan word nie deur 'n andersoortige straf - gewoonlik langtermyn of selfs lewenslange gevangenisstraf. Mnr Smith het betoog dat dit so is, omdat die gebrek aan geweldsoortredings teen appellant se kerfstok en sy intelligensie en vaardighede toon dat hy rehabiliteerbaar is.


Met die eerste oogopslag lyk appellant se vorige veroordelings soos gelys in sy SAP 69 neutraal. Nadere betragting oortuig anders. Ek ignoreer 'n vorige veroordeling vir "drank besit op 'n privaat perseel". Die

res, hoewel nie een daarvan ernstig is nie, toon tog dat van 1985 sy lewe h patroon begin neem waarvan voertuie en vuurwapens deel is. In November 1985 is hy gering beboet weens "klaringsbewys op voertuig nie van toepassing nie". Die aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor hy in dieselfde maand gewaarsku en ontslaan is, kon nie ernstig gewees het nie, maar is gepleeg met "firearm butt and booted foot". In Julie 1988 is hy beboet R900,00 of by wanbetaling 18 maande gevangenisstraf vir onwettige besit van ammunisie. Dit alles beuselagtig in verhouding met waarmee ons nou besig is. Van ietwat meer belang, gesien die getuienis dat hy na sy arrestasie in September 1989 saam met Bruce uit h sel ontsnap het, is h skuldigbevinding ook in Julie 1988 opgeloopt vir ontsnapping waarvoor hy gevonnissen is tot 18 maande gevangenisstraf waarvan 12 maande vir 5 jaar opgeskort is op die geykte voorwaardes.

Dit is egter onnodig om te besluit of appellant

moontlik h gewete ingeplant of sonder twyfel agter tralies gehou sal kan word. In h geval soos hierdie moet rehabilitasie en voorkoming as oogmerke by vonnisbepaling terugstaan vir afskrikking en veral vergelding. Hierdie koelbloedige sluipmoord op h polisieman wat in ordentlikheid sy plig om wet en orde te probeer handhaaf gedoen het, het gekalwe aan die fundamente van die geordende samelewing. Dit val binne die kader van oortredings wat so ernstig is dat geen ander straf gepas beskou kan word, as die doodvonnis nie.

Die appèl word afgewys.



L VAN DEN HEEVER AR

STEM SAAM:

BOTHA AR

EKSTEEN AR